

GEMEENTE.

LES 14

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] GALASIËRS 1 - 4
----------	------------------	--------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Galasiërs 1 - 4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	[VOORBEREIDING VIR DIE CHRISTELIKE HUWELIK] AMOS 3:3
----------	-------------------------	---

Mediteer, memoriseer en repeteer twee-twee.

(2) Dieselfde lewensdoel. Amos 3:3. “Sal twee saamloop as hulle dit nie afgespreek het nie?”

4	BYBELSTUDIE (85 minute)	[EVANGELIE VAN JOHANNES] JOHANNES 5:1-47
----------	-------------------------	---

Inleiding. Johannes 5:1-47 beskryf die Woord, wat mens geword het, Jesus Christus, wat na sy wonderwerk by Betesda deur die Jode in Judea verwerp is. Johannes 5:17-30 bevat die aansprake van Jesus Christus m.b.t. God die Vader. En Johannes 5:31-47 praat oor die getuienis van Jesus Christus.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 5:1 - 47 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

5:17-23

Ontdekking 1. Die aansprake van Jesus Christus.

Jesus het bepaalde belangrike aansprake m.b.t. Homself gemaak wat goed deur die Jode begryp is.

(1) In Johannes 5:17-18, maak Jesus die aanspraak dat Hy in sy wese essensieel gelyk is aan God die Vader.

Jesus het God ‘sy Vader’ genoem. Die Jode het onmiddellik begryp dat Jesus hiermee bedoel het dat Hy die goddelike natuur besit in die hoogste betekenis van die woord. Hulle het verstaan dat Jesus aanspraak gemaak het dat Hy gelyk is aan God die Vader. Hierdie aanspraak is natuurlik die ergste godslastering wat moontlik is indien dit nie waar is nie en moet met die dood gestraf word, **OF** dit is die mees glorieryke waarheid en moet dan deur geloof aangeneem word! God die Vader en God die Seun het dieselfde goddelike natuur. Só het Jesus daarop aanspraak gemaak dat Hy in wese gelyk aan God die Vader is. Dit was die rede waarom die Jode Jesus wou doodmaak.

Die Jode het Jesus ook aangeval omdat hulle gemeen het dat Hy die Sabbat gebreek het. Die Jode beskou die Sabbat essensieel as ’n rusdag waarop alle werk gestaak moes word. Maar Jesus het gesê as dit waar was, dan beskuldig die Jode God die Vader daarvan dat Hy die Sabbat breek, omdat God altyd werk aan die onderhouding van die skepping en aan die redding van mense! God die Vader staak nooit enige belangrike werk om te rus nie. Hy hou nie op om die skepping te onderhou en mense van sondes te verlos nie. So doen ook God die Seun wat in die nouste verband tot God die Vader staan. In vers 17 het Jesus gesê: “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.” Daarmee het Jesus gesê dat as

die Jode die Seun beskuldig daarvan dat Hy die Sabbat breek, hulle ook God die Vader beskuldig van die breek van die Sabbat, omdat God die Seun in wese gelyk is aan God die Vader.

(2) In Johannes 5:19-22 het Jesus die aanspraak gemaak dat Hy in sy werke gelyk is aan God die Vader.

Hy het gesê: “Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so.” Die handeling wat by God sy oorsprong het, word sigbaar in die Seun geopenbaar. Die Seun het gesien wat die Vader Hom laat sien, en dan openbaar die Seun die denke van die Vader deur sy hoorbare woorde en sy sigbare dae. Die Seun het die wil van die Vader begryp en voer dan sy wil uit.

Jesus het vir die Jode gesê dat Hy gesag het om groter werke te doen as om ’n verlamde man (op die Sabbat) te genees. As dit wat hulle sien hulle verwonder, dan sal wat hulle nog gaan sien, hulle met baie groter verwondering vervul. Twee handeling word benadruk: die gee van lewe aan geestelike en liggaamlike dooie mense en die uitvoer van die oordeel. Jesus maak die aanspraak: “Soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil.” Jesus het nie gesê dat Hy net maar ’n instrument in God se hand is om dooies op te wek soos byvoorbeeld die profete Elia en Elisa nie. Hy het daarop aanspraak gemaak dat Hy gesag het om die dooies op te wek, nie maar om hulle sterflike lewe op die aarde voort te sit nie, maar om mense te laat opstaan tot die ewige lewe! Hy maak aanspraak daarop dat Hy dieselfde gesag as God die Vader het om nou geestelik die ewige lewe te skenk aan geestelik dooie mense en later liggaamlik onsterflike lewe te skenk aan die liggaamlik dooie mense by die opstanding uit die dode.

Jesus maak ook die volgende aanspraak: “Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat.” Deur die hele Ou-Testamentiese openbaring word God bely as “die Regter van die hele aarde” (Genesis 18:25). Sy oordele val telkens weer op die lewens van individue en volke. Aan die einde van die wêreldgeskiedenis sal die laaste oordeel plaasvind. Jesus maak daarop aanspraak dat Hy die Regter by die laaste oordeel sal wees. God die Vader het die gesag aan Hom geskenk, sodat God die Seun dieselfde eer mag ontvang as God die Vader!

(3) In Johannes 5:23 maak Jesus aanspraak daarop dat Hy in die eer wat Hy ontvang gelyk is aan God die Vader.

Hy sê: “Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.” In Filippense 2:9-11 skenk God die Vader aan Jesus Christus as beloning vir sy gehoorsaamheid ’n Naam bó alle ander name, sodat in die Naam van Jesus elke knie sou buig van hulle wat in die hemel, en wat op die aarde, en wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here (Grieks: kurios) is.” In Jesaja 45:22 behoort hierdie eer net aan die HERE (Hebreeus: JaHWeH, Grieks: kurios). Dus, as Jesus Christus hierdie eer ontvang, dan word die eer van God die Vader nie verminder of aan ’n ander gegee nie (Jesaja 42:8). Die heerlikheid van God word juis hierdeur bevorder, omdat Jesus Christus hierdie eer ontvang “tot eer van God die Vader” (Filippense 2:11). As die Seun verhoog word, word die Vader verheerlik. As mense hulle knieë buig voor Jesus Christus en hulle tong bely dat Jesus Christus die Verlosser en Heer is, dan word God die Vader verheerlik!

5:30-47

Ontdekking 2. Die getuienis van Jesus Christus.

In vers 31 sê Jesus dat al is sy getuienis oor Homself heeltemal waar, is dit tog volgens die beoordeling van die Jode nie geldig nie. Natuurlik is ’n getuigskrif wat jyself skryf nie ’n geldige getuigskrif nie. Niemand kan sy eie handtekening as outentiek staaf nie. As die aansprake van Jesus Christus gemaak is sonder die gesag van God die Vader, dan is niemand verplig om sy aansprake te aanvaar nie. Maar die getuienis van Jesus is waar, omdat God die Vader sy getuienis bevestig het (Johannes 8:13-18). En tog het die Jode die betroubaarheid van die getuienis (die aansprake) van Jesus bly ontken, omdat dit ongeldig sou wees. Daarom vestig Jesus Christus die aandag op vyf ander belangrike getuïenisse oor Hom! Die Jode kon hierdie getuïenisse nie eenkant toe skuif nie.

(1) Die getuienis van God die Vader Self.

In Johannes 5:19,30 stel Jesus God die Vader voor as sy Getuie. Hy sê dat God die Seun niks uit sy eie doen nie. Hy volg die voorbeeld van God die Vader. Van ewigheid af word die verhouding tussen God die Vader en God die Seun gekenmerk deur die Seun wat die wil van die Vader uitvoer, sê wat die Vader sê, oordeel wat die Vader oordeel en die Vader in alles tevrede stel. Op hierdie basis van die onveranderlike beginsel van handeling tussen God die Vader en God die Seun, kan Jesus sy verdediging veilig in God se hande laat. God die Vader regverdig die Seun en gee Hom voldoende geloofsbriewe.

In vers 32 stel Jesus ons voor aan “Iemand anders wat oor My getuig”. Uit vers 36-37 weet ons dat hierdie Getuie God die Vader is. God die Vader Self getuig van Jesus Christus op drie maniere:

- in die Ou-Testamentiese Geskrifte
- deur uit die hemel by sy menswording te spreek
- deur die werke wat God die Vader aan God die Seun gegee het om te vervul.

Alle ander getuies wat volg, is ondergeskik aan die getuienis van God die Vader.

(2) Die getuienis van Johannes die Doper.

In Johannes 5:33-35, stel Jesus vir Johannes die Doper as sy getuie voor. Die roeping en taak van Johannes die Doper was om oor die Lig te getuig (Johannes 1:7). Hy het teenoor die afvaardiging Jode uit Jerusalem getuig dat Jesus die ware lig was wat na die wêreld sou kom om elke mens te verlig (Johannes 1:8-9) en dat Jesus die HERE is wat sou kom (vergelyk Jesaja 40:3; Markus 1:3), en dat Jesus “die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem”, dat “Hy doop met die Heilige Gees” en dat Hy “die Seun van God” is (Johannes 1:7,9,23,29,33,34)! Johannes die Doper was nie die Lig nie, maar die voorloper wat die skare na Jesus toe trek. Nou het die Lig Self gekom met nog veel beter geloofsbriewe as die getuienis van Johannes die Doper.

(3) Die getuienis van die werke van Jesus.

In Johannes 5:36 noem Jesus die werk wat God die Vader Hom gegee het as sy getuie. Die werk wat God die Vader aan Jesus Christus gegee het was om:

- deur sy menswording die onsigbare God bekend te maak
- deur sy dood en opstanding versoening¹ vir sondes te doen en sodoende mense met God te versoen²
- deur sy hemelvaart en troonsbestyging die Koninkryk van God te vestig.

Al die ander werke van Jesus (soos prediking, onderrig, genesings, bevrydings, ens.) dra hiertoe by. Sy wondertekens het na die werklikheid van God en die werklikheid van sy verlossingswerk gewys. Al hierdie wondertekens was sigbare bewyse dat God die Vader Hom gestuur het en sy werk bevestig het.

(4) Die getuienis van die Skrifte.

In Johannes 5:39-40, wys Jesus na die Geskrifte van die Ou Testament as sy getuies. Jesus het gesê dat hoewel die Jode die Ou-Testamentiese geskrifte gehad het, het hulle die Woord van God nie in hulle hart gehad nie. Hoewel hulle die Ou Testament gehad het, het hulle dit nie geglo nie. Hoewel die Ou Testament baie praat oor die komende Messias, het die Jode Jesus Christus nie in daardie beloftes herken of erken nie en het hulle ook nie na Jesus Christus toe gekom om die ewige lewe te ontvang nie.

In Lukas 24:27 en 44 lê Jesus alles uit wat oor Hom in die Ou Testament geskryf staan. En 2 Timoteus 3:15 leer dat die Heilige Skrifte 'n mens die kennis bring wat tot die verlossing lei, deur geloof in Jesus Christus! Die Joodse geleerdes het in hulle boeke geskryf dat die bestudering van die Skrifte die weg tot die lewe in die komende eeu is. Romeine 10:4 bevestig dat die lewe in Jesus Christus gevind word, want Jesus Christus is “die einde van die wet”, sodat elkeen deur geloof geregverdig kan word.

(5) Die getuienis van Moses.

In Johannes 5:45-47 noem Jesus vir Moses as sy getuie. Die Jode beskou Moses as hulle grootste profeet. Maar Jesus het gesê dat die Jode nie glo in wat Moses geskryf het nie. In Deuteronomium 18:15 het Moses geprofeteer, “Die Here jou God sal 'n profeet onder jou na vore laat kom, een van jou volksgenote. Hy sal soos ek wees. Vir hom moet jy gehoorsaam” (vergelyk Handeling 3:22-23). Moses het geleer dat God beveel het dat alle mense die komende Messias moes gehoorsaam. Maar die vyandige Jode het Jesus Christus nie gesien as die verwagte Messias, of die stem van God of die gestalte van God nie. Hulle het die Messias, die Seun van God a.g.v. die hardheid van hulle hart verwerp.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 5:1 - 47 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Besprek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

5:8

Vraag 1. Waarom is die verlamde man oombliklik genees?

Aantekeninge. 'n Verlamde man kan homself nie voortbeweeg nie, opstaan, of iets optel of loop nie. Hierdie verlamde man kla dat daar niemand was wat hom kon help as die water beweeg word nie. Toe het Jesus vir die verlamde man gesê: “Staan op, tel jou goed op en loop.” Dit was 'n enorme uitdaging vir 'n man wat nou net gesê het dat hy nie kán loop nie!

Maar Jesus beveel nooit iets wat onmoontlik is om uit te voer nie! As Jesus gepraat het, beteken dit dat Hy wil hê dat dit moet gebeur. Sy gesproke Woord is kragtig en effektief (vergelyk Matteus 4:4). Hier wil Jesus hê dat die verlamde man weer kan loop. Die verlamde man glo die woorde van Jesus. Hy bewys sy geloof deur te gehoorsaam (vergelyk

¹ Engels: atone. Die soenoffer keer God se regverdigde toorn teen die sonde af en verwyder die sonde wat tussen God en die mens staan. Die soenoffer verwyder die probleem (die sonde)

² Engels: reconcile. Die soenoffer bring die twee partye wat geskei was, weer by mekaar uit. Die soenoffer verwyder die gevolg van die probleem (die skeiding tussen God en mens) (Jesaja 59:1-2).

Hebreërs 11:6-8). Die verlamde man is oombliklik genees, het sy goed opgetel en geloop! Hy is oombliklik genees omdat Jesus Christus sy magtige Woord gespreek het en omdat die verlamde man sy Woord geglo het! (Die tweede is afhanklik van die eerste). Die herstel van die verlamde man was nie geleidelik of gedeeltelik nie, maar onmiddellik en volledig! Weereens is die heerlijkheid van Jesus Christus geopenbaar.

5:24-25

Vraag 2. Hoe gee die Seun lewe aan dooie mense?

Aantekeninge.

(1) Die Woord van Jesus stel jou in staat om te glo en dit gee lewe.

In Johannes 5:24 sê Jesus: “Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.” Jesus Christus gee lewe aan mense deur sy Woord. Sy Woord is sy hele boodskap aan die wêreld. Hy spreek sy boodskap op gesag van sy Vader. Die genesing van die verlamde man is ‘n teken’ van hoe Jesus deur sy Woord aan mense die geestelike lewe gee. Die verlamde man het liggaamlike genesing ontvang deur die gesproke Woord van Jesus wat hom in staat gestel het om te glo en hom krag gegee het om op te staan. Net so ontvang mense geestelike genesing deur die Woord van Jesus Christus wat lewe gee.

(2) Die woord van Jesus sit die Heilige Gees aan die werk.

In Johannes 5:25 sê Jesus, “Ek verseker julle: Daar kom ’n tyd, en dit is nou, dat die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe.” Hoe kan dooies ’n stem hoor? In Esegieël 37:4 sê die profeet: So sê die Here my God: “Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe.”.... toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop. Nou is dit die Gees van God wat die geestelike dooie mense in staat stel om die stem van Jesus Christus te hoor en die ewige lewe binne te gaan.

(3) Die woord van Jesus kom net tot mense wat Hy op soewereine wyse uitkies.

Welke geestelike dooie mense sal sy stem hoor en lewe? In Johannes 5:21 sê Jesus dat Hy soos die Vader lewend maak *wie Hy wil*. Jesus Christus gee die ewige lewe aan mense wat Hy op ’n soewereine wyse uitgekies het. Die Heilige Gees stel hulle in staat om sy stem te hoor en hul weergebore te laat word.

5:26

Vraag 3. Wat beteken: die Seun het lewe in Homself?

Aantekeninge. Niemand behalwe God die Vader besit inherent hierdie *lewe-in-Homself nie*, omdat alleen Hy nie verwek of geskape is nie. Hy is in Homself die Lewende God en volkome onafhanklik. Nou sê Jesus: Soos die Vader die lewe in Homself het, so het Hy ook die Seun gegee om lewe in Homself te hê.” Van alle ewigheid het God hierdie prerogatief (eksklusiewe reg) van die lewe-in-Homself gedeel met God die Seun. Dit is die betekenis van die eniggebore Seun. Jesus Christus is verwek, maar nie geskape nie. Die uitdrukking ‘eniggebore Seun’ het geen verband met iets in die mens se wêreld nie. Dit verwys nie na ’n begin êrens in het verlede nie. Dit beskryf die trinitariese Seunskap van Christus. Johannes 3:16 bewys dat Jesus Christus die Eniggebore Seun van die Vader is lank vóór sy menswording. God die Vader het hierdie lewe-in-Homself nie aan die Seun verleen by sy menswording of by sy doop nie. Dit is ’n ewige gebeurtenis en ’n deel van die unieke Vader-Seun verhouding wat al vanaf “die begin” bestaan het. In die ewige orde het God die Vader hierdie lewe-in-Homself aan die Seun verleen en in die tydelike orde het die Seun hierdie lewe-in-Homself aan die mense op die aarde geopenbaar. In 1 Johannes 1:2 word God die Seun beskryf as die beliggaming van “die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is”. Menslike wesens en alle geskape wesens besit nie hierdie lewe-in-Homself eienskap nie, omdat hulle almal geskape is. Hul bestaan en lewe word afgelei van die Skepper, God.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam ’n dinkskrum en maak ’n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 5:1 - 47.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 5:1-47.

5:1-7. ‘Bethesda’ (Aramees: ‘bet hisdah’) beteken ‘huis van barmhartigheid’, maar die gestamp en gestoot van die siek mense maak dit ’n plek van onbarmhartigheid, selfs harteloosheid. Moenie toelaat dat jou woning of jou gemeente ’n plek van onbarmhartigheid of harteloosheid word nie.

5:8-10. Die goewerneur Nehemia het geprobeer om die handelaars te stop om op die Sabbat hul goedere te verkoop (Nehemia 13:15-22). Maar die Joodse wetgeleerdes het die vierde gebod om die Sabbat te heilig verander in

tallose menslike voorskrifte soos: “jy mag niks op die Sabbat dra nie”, ens. Wees op jou hoede dat jy nie “die Woord van God kragtelos maak deur jou menslike oorlewings/tradisies”, want ’n dergelike aanbidingswyse van God is volkome ‘tevergeefs’ en dergelike onderwysing ontaard in alleen maar “geboie van mense” (Matteüs 15:1-9).

- 5:23. Eer God die Seun op dieselfde manier as wat jy God die Vader eer. Die godsdienste wat Jesus Christus nie eer nie, eer God ook nie!
 Hy wat Christus eer, eer God (Johannes 5:23).
 Hy wat Christus ken, ken God (Johannes 8:19).
 Hy wat in Christus glo, glo in God (Johannes 12:44).
 Hy wat Christus ontvang, ontvang God (Johannes 13:20; Matteüs 10:40).
 Hy wat Christus verwerp, verwerp God (Lukas 10:16).
 Hy wat Christus verwerp, kom nie tot God nie (Johannes 14:6).
 Hy wat Christus gesien het, het God gesien (Johannes 14:9-10).
 Hy wat die woorde van Christus gehoorsaam, het God lief (Johannes 14:21,23).
 Almal wat God aan Christus gee, kom tot Christus; en wie tot Christus kom, sal Hy beslis nie uitwerp nie (Johannes 6:37,44; sien 17:2,6,9).
 Hy wat Christus verloon, het ook nie God nie (1 Johannes 2:23).
- 5:24. Verkondig die evangelie! Wie die evangelie hoor en glo, ontvang dadelik die ewige lewe, kom nie in die verdoemenis nie, maar het uit die dood na die lewe oorgegaan.
- 5:28-29. Wees voorbereid op die wederkoms van Christus. Dan sal alle gestorwe mense terselfdertyd sy stem hoor en uit die dood opstaan tot die ewige lewe of tot die ewige straf.
- 5:31-47. Maak seker dat jy glo en die getuigenis van God aangaande Christus aangeneem het.
- 5:39. Bestudeer de Bybel, omdat de Bybel oor Jesus Christus getuig! Die Bybel maak jou wys om die saligheid (verlossing) te ontvang (2 Timoteüs 3:15).
- 5:44. Wat is vir jou belangriker? Lof van jou familie, vriende en landgenote te ontvang of lof van die God van die Bybel te ontvang?

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 5:1-47.

Ek wil myself oefen in die woorde van Jesus Christus te glo. As Jesus aan die verlamde man sê, “Staan op, neem jou bed op en loop” mag dit miskien onmoontlik lyk, maar vir Jesus Christus is dit nie onmoontlik nie! As Jesus Christus my dinge in de Bybel leer, dan wil Hy dat ek hulle ook doen. Sy gesproke woorde is kragtig en effektief. Hy kan doen wat Hy sê en wil doen wat Hy sê. Daarom wil ek myself oefen om te glo wat Hy sê. Ek sal eers soos die verlamde man my volkome onvermoë erken. Dan wil ek ook soos die verlamde man gehoorsaam wat Jesus Christus sê.

Ek wil in my getuienis oor Jesus Christus duidelik bely dat Jesus Christus gelyk is aan God die Vader. Niemand kan die goddelike natuur van God definieer nie. Om dit te kan doen sou jy groter as God moet wees. God se denke is so groot as die Stille Oseaan in vergelyking met my denke wat kleiner is as ’n koppie water. Hoewel ek die goddelike natuur van God niet kan bevat nie, wil ek Hom bely soos Hy Homself in die Bybel geopenbaar het. In Matteüs 28:19 sê Christus dat ’n gelowige gedoop moet word in die enkel-Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. God het één Naam en is één goddelike Wese wat Homself in die menslike geskiedenis geopenbaar het met drie innerlike onderskeidings in sy goddelike Wese. Jesus Christus is die tweede innerlike onderskeiding in die goddelike Wese/Natuur. In Johannes 5:26 sê Christus dat God die Vader aan Hom *lewe-in-Homself* verleen het, d.w.s., dat God die Vader en God die Seun dieselfde goddelike Natuur het.

STAP 5. BID. **REAKSIE**
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 5:1 - 47.
 (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDERE
----------	------------------	---

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.
 1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.

2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 5 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Galasiërs 5 – 6, Efesiërs 1. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (2) Selfbeheersing. Beide gelowiges.
1 Tessalonisense 4:3-5. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.